PITKOS

AANBIDDING!

Luk 7:37-38: “Sy bring toe ’n albaste flessie met reukolie en gaan staan agter Jesus by sy voete en huil, sodat haar trane op sy voete begin drup het”.

Met die flessie reukolie styf teen haar bors vasgedruk, staan sy ’n paar oomblikke stil in die deuropening, sodat haar oë gewoond kan raak aan die skemerte in die vertrek. Ook sodat sy kan vasstel waar Hý is. Sy is kwalik bewus van die talle starende en meestal verontwaardigde oë wat op haar gerig is.
Dan sien sy Hom, waar Hy volgens die gebruik van Sy tyd, skuins en op Sy sy by die lae tafel lê. Huiwerig beweeg sy tussen die ander sprakelose mans deur tot by Hom. Sy wil die duur olie as eerbetoon oor sy kop uitgiet, maar toe sy kom by daardie heilige voete wat vuil en ongewas op die mat lê, oorval haar emosies haar. Voordat sy nog die albaste fles kon oopmaak, gaan haar hart oop en haar warm trane druppel op sy voete.

Ek wonder, as ek of jy daar was, wat met ons sou gebeur het. Wat sou ons ervaar het? Omdat ons Hom as ons Verlosser ken, sou ons waarskynlik ook nie verder as daardie voete gekom het nie, daardie voete wat kort daarna deur Romeinse spykers deurboor sou word. Sy teenwoordigheid sou ons tranekruik waarskynlik ook laat oopgaan het.

Hier is ’n vrou, deur dankbaarheid, verwondering en aandoening oorweldig. Vergete is die kodes en etiket, die reëls en regulasies van sosiale omgang, protokol en kultuur. Stilte, net haar snikke klink op. En die ontevrede, ontstemde Fariseërs kyk na haar, na Jesus en dan na mekaar. Ek wonder wat in Jesus se gemoed omgegaan het toe Hy na haar, en na hulle, gekyk het.
Maar as jy al ooit gewonder het wat ware aanbidding is – hier sien jy dit nou.

GEBED: "Ek kan nie anders nie, Here, as om voor u voete neer te val en U te aanbid. Amen."

(Dr Isak Burger)

<u>Goeie nuus storie: ‘n Cowboy boek</u>

Terwyl ons een dag op Grook Brak rolbal speel,  kyk ek deur die tweedehandse boeke wat hulle verkoop vir klub fondse. Ek  sien ‘n “cowboy boek” met die titel “By Honor Bound” deur Alan Morris.

Vriende van my se man beweeg moeilik en is redelik stoelgebonde. Hy het al omtrent al die cowboyboeke in die plaaslike biblioteek gelees. Ek koop toe die boek vir R5-00 om aan hom te gee (sonder om die omslag te lees).

Die man het nie ‘n verhouding met die Here gehad nie alhoewel hy op ‘n stadium wel aan ‘n kerk behoort het. Ek het toe die boek aan hom gegee. Na ‘n week of wat toe ek weer daar kom het hy die boek teruggegee met ‘n antwoord/ kommentaar wat ek nie verwag of verstaan het nie.
Toe lees ek die boek uit nuuskierigheid. Dit was oor “cowboys” maar het ‘n geestelike boodskap. Dit gaan onder andere oor ‘n vrou wat ‘n gelowige was en toe ‘n Rooi Indiaan dreig om haar te vermoor, het sy gesê dat hy haar kan doodmaak maar dat hy nie haar siel kan doodmaak en dat sy aan die Here behoort.

Toe verstaan ek sy woorde: “Die  boek het my aan die dink gesit”. Nie lank daarna het hy gevra om ‘n predikant te sien. Hy het bewus geword van sy hopelose toestand en het ‘n ommekeer in sy lewe plaasgevind.
Hy is ’n paar maande later oorlede met vrede in sy hart.

Dit het my net weer laat besef dat die Heilige Gees snaakse weë gebruik in mense se lewens.
Ek het nog steeds die R5-00 slapband “Cowboy”  boek. Dit staan tussen my geestelike boeke.

[Herberg Kinderhuis]



Daar is sowat 15 dogters van Laerskool ouderdom in huis C.   Die huismoeder is Elsabe Millstein
Die behoeftelys het die afgelope paar jare baie verander aangesien die staatsubsidie nie aangepas word nie.

Hulle versoek dat ons o a met die volgende bydra:

- Toiletware soos seep, sjampoe, tandepasta, handeroom, waslappe, tandeborsels, haarborsels, haarrekkies
- Skoonmaakmiddels: Skottelgoedseep, vadoeke, waspoeier
- Snoeperye: Lekkers, koekies, rosyne, "chips" Dit word Vrydae by hul toebroodjies ingepak skool toe.
- Toebroodjiesmere: Marmite, kaassmeer, stroop, konfyt.

Hulle kry saans net brood vir aandete en daarom het ons begin om ook die volgende te neem:

- weense worsies, mosterd, tamatiesous, bladjang, blikkies vleis, blikkies vis en tuna. Die grootste bederf vir hulle is die gerasperde kaas wat soms van ons gemeente af vir hulle geneem word. Dit is absoluut 'n luukse.

Ons het ook al videos en DVD's geneem want hulle moet binne besig gehou word as dit baie koud is en reën. Hulle leen sporttoerusting by die skool.

Iemand het aan ons 'n kitaar geskenk en dit bly die eiendom van die kinderhuis. Daar is 'n baie talentvolle musikale dogter wat nou kan oefen met die kitaar. Sy kry gratis lesse.

Daar is ook 'n behoefte aan skoolklere,tasse ens.

Van die ander gemeentes wat betrokke is, neem die kinders meestal op uitstappies.

Dankie aan elke lidmaat wat betrokke is.

Leer ken vir: Gert Loftie-Eaton.

Ek is lid van die bestuurskerkraad sedert die begin van hierdie jaar. Ek is gebore in die Oudshoorn distrik en het op die klein dorpie De Rust gematrikuleer. Ek het nie ver weg gegaan nie en op die buurdorp, Oudtshoorn, verder gestudeer by die destydse Opleidingskollege. My beroepsloopbaan het begin as onderwyser aan die Laerskool Susannah Fourie op Despatch. In 1990 roep ek die onderwys vaarwel en gaan woon op Malmesbury. Daar het ek gewerk as veldbeampte by ‘n kunsmismaatskappy tot met aftrede in 2012.
Toe het ons na Mosselbaai verhuis. Ek is getroud met Marie (gebore Wilmott) en ons het 2 seuns en ‘n dogter, asook 3 kleinkinders.

Lente-dankfees.

Onlangs het iemand die opmerking gemaak dat ons in die kerk met vrywilligers werk. Daarom moet jy gereeld vra (en mooi vra) vir mense om te help. Agterna moet jy dan ook weer baie mooi dankie së en versigtig wees om nie dalk iemand te vergeet nie. Hierdie persoon het verder gegaan en gesê: “Dit behoort nie so te wees nie. Wie regtig aan die Here behoort en aan Hom ‘uitverkoop’ is, moet eintlik geleenthede soek om die Here te dien en iets vir sy koninkryk te doen.”

Hou hierdie in gedagte wanneer ons vir almal dankie sê. Die lente dankfees was ‘n DANK-fees. Ons was oorweldig deur die samewerking, harde werk, die offervaardigheid en onderlinge verbondenheid. Die Here het ons verras met voorsiening uit onverwagse oorde. Alle eer aan Hom.
Vir die eerste keer in jare was die tafels leeg - daar was selfs nie wors oor om agterna te verkoop nie. Die kinders het hulle gate uit geniet. Die nuwe kontrei-tafel was ‘n lus vir die oog en die wit-olifante het ‘n mengelmoes interessanthede opgelewer. Hierdie keer was die saal opgevrolik met rooi-en-wit asook blou-en-wit tafeldoeke, die geure van braaivleis en pannekoek het die smaakkliere geprikkel. Die grootkoeke, terte, poeding, kerrievis, beskuit, lekkers, roosterkoeke, boereworsrolle, ligte etes, ens het blitsig van hande verwissel.Die finale syfers wys dit. Die lente-dankfees van 2014 se inkomste was R80.792,90 en Lente-dankfees 2015 was net meer as R104 000. Dis baie rede tot dankbaarheid

As jy dalk hierdie een gemis het, maak seker jy mis nie die volgende dankfees nie

## Eva se gebed, Mariette Steyn



Ek is 'n vrou.
Ek is uniek geskep deur God
en 'n plek in hierdie lewe gegee –
'n ruimte om te mag wees.
Die hele wêreld het gewag
dat ek gebore moet word.

Ek is 'n vrou.
God se reis met my,
deur die goeie en die slegte,
het my voorberei om
vry langs ander te mag staan –
sonder skaamte en vals onderdanigheid.

Ek is 'n vrou.
God gee my mense wat my liefhet,
my ondersteun en my innooi.
Ek ontdek vriende wat betroubaar is,
en daar is vir my –
'n tweede moederhuis.

Ek is 'n vrou.
God se Gees maak my sterk
en ek tree in in hierdie krag,
ek dra hoop en lewe,
ek kyk die wêreld in die oë
en omarm my volle menswees.

Ek is 'n vrou.
God berei my voor vir iets groter as myself
en gee my drome van liefde en billikheid.
Ek gee myself hiervoor,
maak my hart en arms oop sodat
God nuwe lewe deur my kan skep.

Ek is 'n vrou.
Uniek geskep deur God, Amen.

### Our Pastor Never Stops

Occasionally someone will say, "Our pastor never stops to visit in our home." If your pastor never stops at your home, you probably should thank God. It means:
death has not struck,
that now serious illness has laid you low,
that the surgeon's knife has not been necessary,
that you have had no serious family problem
that you are not a spiritually delinquent member.



As a rule, your pastor does not have the time for, “social calls.”  It is not that he would not enjoy doing so, it is simply just a matter of priorities . . . putting first things first.

Your pastor does not have time to do everything he would like to do.  However, you may be sure of this:
your pastor is willing to come to the hospital
or your home,
the jail,
the street corner
or anywhere at any hour of the day, or night when he is needed.

Call him if you need him.  Otherwise he will not know of your need until it is too late.

For the moment, thank God you have not needed him.  One day you will need him and he will be there when you call.  Now he is visiting someone else who does need him.

## Sekoma (Botswana uitreik)  - Sien by onlangs in die nuus.



### *Is jy skadryk?*

‘n Belasting inspekteur kom eendag by ‘n arm Christen aan om vas te stel hoeveel belasting hy moet betaal.

“Watter besittings het jy?” vra die gaarder.

“Ek is regtig baie ryk.” antwoord die Christen.

“Gee my ‘n lys van jou besittings asseblief.” dring die gaarder aan.

Die Christen antwoord:
1. Ek het die ewige lewe, Joh 3:16.
2. Ek het ‘n huis in die hemel, Joh 14:2.
3. Ek het vrede wat alle verstand te bowe gaan, Fil 4:7.
4. Ek het onuitspreeklike vreugde, 1Pet 1:8.
5. Ek het liefde wat nie vergaan nie, 2Kor 13:8.
6. Ek het ‘n getroue en vlytige vrou, Spr 31:10.
7. Ek het gesonde en gehoorsame kinders, Eks 20:12.
8. Ek het goeie en betroubare vriende, Spr 31:10.
9. Ek het liedere in die nag, Ps 42:9.
10. Ek het die kroon van die lewe, Jak 1:12.

Die gaarder maak sy boek toe en sê:
"Meneer, jy is waarlik skatryk maar jou rykdom is nie belasbaar nie."

Mag jy ook op hierdie manier skatryk wees

Kyk net hoe vertel elke hoofstuk van die Johannes evangelie op 'n besondere wyse **wie Jesus is**:



1:1-14 Seun van God.
2:1-10 Seun van die mens.

3:2-21 Goddelike leermeester
4:7-29 Visser van mense.
5:1-9 Groot Geneesheer.

6:32-58 Brood wat lewe gee (Messias).
7:28 Water wat lewe gee.
8:3-11 Verdediger van die veroordeeldes.
9:1-39 Lig vir die wêreld.
10:1-16 Goeie Herder.
11:1-44 Opwekker van die dooies.
12:12-15 Ware Koning.

13:1-10 Dienskneg.
14:1-3 Gewer van uitsig op die toekoms.
15:1-16 Ware Wingerdstok.
16:1-15 Gewer van die Heilige Gees.
17:1-26 Voorbidder.
18:1-11 Lydende vir sonde van mense.
19:16-19 Verhoogde Verlosser.
20:1-31 Opgestane Heer.
21:1-17 Stuurder en vergewer van Petrus